**Onderskei jy die Here Jesus? (OP230)**

**Joh 11:45-12:11**

**31 Augustus 2025**

Laasweek het ons gekyk na die opwekking van Lasarus uit die dood. Ons het gesien dat ons tydens ons lewens hier op aarde voortdurend herinner word aan die dood. Wanneer die dood naby aan ons kom, bring dit ongelooflike hartseer – die dood is immers so finaal, en al wat ons kan doen is om maar te huil. Ons moet onthou dat die dood die gevolg is van die sondeval. Daarom is dit so kosbaar om te kon sien dat die Here Jesus hewig ontsteld was toe Hy in Betanië gekom het vier dae na Lasarus se begrafnis en gesien het hoe almal huil. Nadat Hy dit met Sy Vader uitgeklaar het, wek Hy dan vir Lasarus uit die dood op – en deur hierdie wonderteken het Hy gedemonstreer dat dit juis is hoekom Hy gekom het: Om lewe uit die dood te wek. Daarom kon Hy sê: "Ek is die opstanding en die lewe." Wie in Hom glo, sal daarom lewe, al sterf hy. Wie in Hom glo, sal tot in ewigheid leef, en sal nooit die tweede dood sterf nie. Glo jy dit?

Vandag wil ek die geleentheid gebruik om na twee insidente te kyk wat gevolg het op die opwekking van Lasarus uit die dood. Die twee insidente is: (1) Die sameswering teen die Here Jesus deur die Joodse leiers (Joh 11:45-57) en (2) Maria salf die Here Jesus met uiters kosbare olie (Joh 12:1-11).

<u>Die sameswering teen die Here Jesus deur die Joodse leiers (Joh 11:45-57)</u>

Lees Joh 11:45-46. Ons het laasweek gesien dat daar na Lasarus se dood Jode gekom het om Martha en Maria te troos. Dit blyk nou dat hierdie Jode op verskillende maniere gereageer het op die opwekking van Lasarus. Sommiges het in die Here Jesus geglo – 'n mens sou dink dit sou die logiese gevolg wees, immers was Lasarus al vier dae in die graf – en toe wek die Here Jesus hom op. Maar sommige van die Jode se reaksie was eerder om na die Fariseërs toe te gaan, om vir hulle te gaan vertel wat die Here Jesus gedoen het – en heelwaarskynlik het hulle dit nie met goeie bedoelings gedoen nie.

Lees Joh 11:47-48. Toe die leierpriesters en die Fariseërs hoor wat hierdie Jode vertel, het hulle die Sanhedrin (oftewel die Joodse Raad) bymekaar geroep. Die Sanhedrin was die hoogste vorm van Joodse gesag. Ja, hulle was onderhewig aan die Romeinse regering, maar onder die Jode was hulle die mees gesagvolle raad. Op hierdie stadium in die geskiedenis was die leierpriesters in beheer van die Sanhedrin, en die hoëpriester was die mees senior persoon. Die vraag waarmee die Sanhedrin geworstel het, was: "Wat gaan ons maak?" Die krisis was die feit dat die Here Jesus baie tekens gedoen het. Dit is opvallend dat hulle nie meer daaroor argumenteer of die Here Jesus tekens doen nie – immers het hulle ook al 'n les geleer. Dink maar aan al hulle geskarrel toe die Here Jesus die blindgebore man gesond gemaak het – terwyl die getuienis oorweldigend duidelik was dat hy wonderbaarlik genees is. In elk geval: Hoe stry jy met die klinkklare feit dat Lasarus leef, en dit terwyl hy duidelik werklik dood was, hy was immers vier dae lank in die graf. Onthou die Here Jesus se antwoord aan hulle in Joh 10:25 toe hulle Hom gevra het Hy moet vir hulle reguit sê of Hy die Christus is of nie. Daar het Hy hulle geantwoord Sy dade getuig juis hiervan. En nou moet hulle erken, Sy dade kan nie ontken word nie. Maar dit beteken nie dat hulle Hom wil erken nie. Nee, hulle sien Hom as 'n bedreiging, en dit moet aangespreek word. Hulle bekommernis is dat Sy dade so oortuigend is, dat almal binnekort in Hom gaan glo – trouens dit is al aan die gebeur, sommige van die Jode glo alreeds in Hom. Iets sal gedoen moet word! Onthou wat gebeur het na die vermeerdering van die brood in Joh 6:15 – destyds wou die mense Hom al koning maak! Hoeveel te meer nie nou nadat Hy Lasarus uit die dood opgewek het nie! Hulle is bekommerd daaroor dat as die Here Jesus se gewildheid toeneem onder die volk, kan dit tot 'n opstand lei. Dit kan op sy beurt die

Romeine se aandag trek, en hulle dwing om op te tree. Die Romeine mag oordeel om die mate van vryheid wat die Jode op hierdie stadium geniet het, op te hef. Hulle kan die volk vernietig, hulle kan dalk selfs besluit om die Joodse tempel te vernietig. Natuurlik sal dit onder andere impliseer dat die Sanhedrin ook ophou bestaan, en gevolglik sal hulle hulle gesagsposisie onder die volk verloor.

Lees Joh 11:49-50. Kajafas was op daardie stadium die hoëpriester. Hy was hoëpriester vir 'n periode van 18 jaar: vanaf 18-36 nC. In die Ou Testament was die hoëpriester lewenslank aangestel. Maar op hierdie stadium in die geskiedenis het die aanstelling van die hoëpriester 'n politieke speelbal geword. So, byvoorbeeld, is Kajafas na 18 jaar as hoëpriester afgesit gelyktydig met die afsetting van Pontius Pilatus. As ons hier lees van "daardie jaar", beteken dit nie Kajafas was net daardie jaar hoëpriester nie, nee, dit is eerder 'n heenwysing na die jaar waarin die Here Jesus gekruisig sou word. Kajafas se argument is die volgende: Volgens hom, sal dit voordelig wees as een man vir die volk sterf, en die hele volk dan nie ondergaan nie. Volgens hom is die Here Jesus die skuldige party wat verantwoordelik is vir 'n moontlike opstand wat kan plaasvind en moontlik die einde van die volk kan beteken. Daarom, reken hy, sal dit beter wees as hulle toesien dat die Here Jesus sterf – dit sal beter wees as net Hy sterf, eerder as wat die hele volk ondergaan, omdat hulle nie opgetree het nie.

Lees Joh 11:51-52. Hier neem Kajafas sy argument nog 'n stap verder. Hier profeteer hy dat dit nie net tot voordeel van die volk sal wees as die Here Jesus sou sterf nie, maar dit kan ook bydra dat die kinders van God wat oral verstrooi is, weer verenig kan word. Hier het Kajafas in gedagte gehad dat dit selfs kan bydra dat die Jode in die verstrooiing, oftewel in die diaspora, teruggebring kan word; d.w.s. hy was van oortuiging dat dit kan bydra dat die Jode wat verspreid gewoon het onder ander nasies, weer verenig kan word met die Joodse volk.

Johannes maak in vers 51 die opmerking dat Kajafas hierdie dinge nie uit sy eie gesê het nie. Dit beteken nie dat Kajafas nie hierdie woorde gesê het nie. Dit beteken ook nie dat die inhoud van die woorde nie waar is nie. Wat Johannes bedoel het is: Al het Kajafas die woorde gesê, selfs al het Kajafas in sy eie denke geweet wat hy daarmee bedoel het, was hierdie woorde ook waar op 'n ander manier waarvan Kajafas self niks verstaan het nie. Daar is 'n baie dieper en kosbare betekenis van hierdie woorde wat absoluut waar is: As die Here Jesus as een Man sterf vir die volk, is dit definitief tot voordeel van die volk. Maar dan moet ons verstaan dit beteken Hy sterf as die Christus vir die wat in Hom glo. So 'n sterwe is tot voordeel vir die wat in Hom glo. Dit sal tot gevolg hê dat hulle sal lewe, al het hulle gesterwe – soos wat Lasarus beleef het. Want deurdat die Here Jesus sterf, oorwin Hy die dood en staan op uit die dood, en so word Hy die opstanding en die lewe. Almal wat in Hom glo trek ongelooflike voordeel hieruit. Kajafas het gedink dit sal tot die fisiese voordeel van die fisiese Joodse volk wees as die Here Jesus sterf. Maar die werklike voordeel van die Here Jesus se dood, is nie vir die volk nie, maar vir die gelowiges. En dit is nie net die voortbestaan van die Joodse volk wat ter sprake is nie, dit is die ewige lewe van elkeen wat glo, sonder om ooit die tweede dood te ervaar. Kajafas het geredeneer sodoende kan die Jode in die verstrooiing ook weer met die fisiese volk verenig word. Maar die werklike voordeel is dat die wat glo en die voordeel gaan trek uit Sy sterwe, nie net beperk gaan wees tot die Joodse volk nie – nee, dit gaan ook tot voordeel wees vir diegene wat glo en wat afkomstig is uit al die ander volke, soos wat die Here Jesus alreeds in Joh 10:16 gesê: Hy het ook skape wat aan 'n ander kraal behoort, wat Hy ook moet uitlei – maar eventueel gaan daar net een kudde wees waarvan Hy die goeie Herder is. Die verstommende om raak te sien is dat Kajafas, sonder dat hy besef, besig was om te redeneer ten gunste van die uitvoering van God se plan.

Lees Joh 11:53 en ook 57. Die gevolg was dat die Sanhedrin 'n besluit geneem het: die Here Jesus moet sterf. Wat hulle aanbetref moet Hy nie gearresteer word om verhoor te word nie. Wat hulle

betref is die verhoor verby en die vonnis is gevel. Hy moet net gearresteer word met die doel dat die vonnis voltrek kan word. Hulle was onder die indruk dit sal die einde van hulle politieke probleme wees, en dan kan die lewe weer normaal voortgaan.

Hulle was onbewus daarvan dat dit juis is wat moes gebeur sodat daar 'n ander koninkryk gevestig kan word: God se koninkryk. In daardie koninkryk is dit nie hulle wat aan bewind sal wees nie, dit is selfs nie die Romeinse keiser wat aan bewind sal wees nie – in daardie Koninkryk sal die Here Jesus self die Koning wees. En daardie Koninkryk gaan uit meer as net Jode bestaan – dit gaan uit gelowiges bestaan uit alle volke, tale en nasies. En daardie koninkryk is 'n ewige koninkryk. En die Koning van daardie koninkryk sal eventueel oordeel selfs oor hulle. Onwetend was Kajafas se profesie en die besluit van die Sanhedrin in lyn met God se plan. Hulle was juis instrumente in die uitwerk van God se plan, sonder dat hulle besef het hulle doen dit en sonder dat hulle besef het wie die Here Jesus werklik was.

Besef jy wie die Here Jesus is? Sedert hierdie gebeure in Joh 11, het die Here Jesus gesterf. Hy het ook opgestaan. En daarna het Hy opgevaar en Hy sit aan die regterhand van die Vader. Aan Hom is alle gesag gegee in die hemel en op die aarde. Hy is in volle beheer – Hy is die Opperkoning. Besef jy dit? Ons leef in 'n stormagtige bedeling. Wêreldleiers is onder geweldige druk. Daar is baie oorloë en dreigemente. Ons hoër van allerlei gesprekke tussen groot wêreldleiers. Ons lees hoe verskeie van hierdie leiers selfs op kort kennisgewing al hulle planne laat vaar om saam gesprek te voer om te strewe na vrede in die wêreld. Hoe dink en kyk jy na al hierdie gebeure? Wie van hierdie leiers dink jy is reg? Wie is verkeerd? Wat dink jy gaan die uitslag wees? Ons is geneig om ons opinies te baseer op wat ons in die nuus lees en hoor. Maar is dit die beste manier om sin te maak hieruit? Is dit nie wat die Sanhedrin gedoen het nie: hulle het geluister na wat gebeur het, gedink oor die realiteite van die dag, en toe 'n besluit geneem. Maar hulle het glad nie verstaan wat besig was om te gebeur nie – selfs nie wat die werklike betekenis was van hulle eie redenasies en besluite nie. Maar die Here Jesus weet presies wat moet en gaan gebeur. En Hy het vir ons insae gegee: In Sy Woord het Hy vir ons in Sy profetiese rede verduidelik wat ons in die laaste dae kan verwag. Ons sal ons daarin moet verdiep as ons sin uit die wêreldgebeure wil maak. Ons denke sal gerig moet word deur die openbarings wat die Opperkoning aan ons gegee het, en nie deur die nuusmedia nie.

Lees Joh 11:54. Die Here Jesus het Hom onttrek en het na Efraim gegaan. Daar het Hy gewag tot die regte tyd om weer na die Jerusalem omgewing te gaan.

<u>Maria salf die Here Jesus met uiters kosbare olie (Joh 12:1-11)</u>

Lees Joh 12:1. Ons lees hier weer van 'n Pasga wat op hande was – dit is nou al die derde Pasga waarvan ons in die Johannes-evangelie lees. Hierdie Pasga is egter die Pasga waartydens die Here Jesus gearresteer en gekruisig sou word. As ons dus lees dat dit wat nou volg ses dae voor die Pasga plaasgevind het, beteken dit ons is nou in die laaste week voor die kruisiging van die Here Jesus. Die Here Jesus het weer na Betanië gegaan – dit is natuurlik die dorpie naby Jerusalem waar Lasarus, Martha en Maria gewoon het.

Lees Joh 12:2. Onthou hoe ons laasweek gelees het van die Here Jesus se liefde vir Lasarus, Martha en Maria, en ook van hulle liefde vir Hom. Dit is natuurlik te verwagte dat na Lasarus se opwekking uit die dood deur die Here Jesus, hierdie onderlinge liefde net nog verder gegroei het. En daarom is dit gepas dat ons lees dat hulle vir die Here Jesus 'n maaltyd voorberei het. Martha was die een wat hulle bedien het en Lasarus was aan tafel saam met die Here Jesus. Maar die fokus val nou spesifiek op wat Maria gedoen het gedurende hierdie maaltyd.

Lees Joh 12:3. Maria het uiters kosbare nardusolie geneem, die Here Jesus se voete daarmee gesalf, en dit met haar hare afgedroog. Die geur van die nardusolie het die hele huis gevul. Ons kan nie anders nie as om terug te dink aan die situasie kort tevore by die graf, toe Martha bekommerd was oor die doodsreuk wat uit die graf sou kom as hulle die klip van die graf sou wegrol. Maar nou is daar die aangename geur van die nardusolie wat die hele huis vul. Let nou op die volgende:

- Ons lees Maria het 'n litra kosbare nardusolie geneem om die Here Jesus mee te salf. In die 2020 DAV is daar 'n onderskrif wat aandui dat dit ongeveer een derde liter was. Don Carson spekuleer dat dit ongeveer 1,6 kg olie was. Ander vertalings gee allerlei aanduidings van hoeveel olie ter sprake was. Presies hoeveel olie dit was, weet ek nie. Maar kommentatore is dit redelik eens: dit was 'n ruim hoeveelheid olie.
- Boonop lees ons dat hierdie olie kosbaar was – vers 5 praat daarvan dat dit 300 denarius werd was. 300 Denarius is ongeveer die inkomste wat 'n arbeider in die loop van 'n volle jaar kon verdien. Dit was dus werklik kosbaar. Ons sou kon spekuleer waar Maria sulke kosbare olie in die hande gekry het? Was hulle so welgesteld dat hulle dit kon bekostig? Of het sy dit op 'n ander manier bekom – dalk deur 'n erflating. Ons weet eenvoudig nie.

Al vier evangelies beskryf insidente waar 'n vrou olie geneem het en die Here Jesus gesalf het. Maar let op die volgende: Luk 7:36 ev beskryf die geval waar 'n sondige vrou in die huis van 'n Fariseër gehuil het, met haar trane die Here Jesus se voete nat gemaak het, dit toe met haar hare afgedroog het en Hom daarna gesalf het. Boonop het die Here Jesus haar optrede in verband gebring met haar groot sonde wat vergewe is. Ek glo dit is duidelik dat dit nie dieselfde insident is waarvan ons in Joh 12 lees nie.

In Mat 26:6 ev en Mark 14:3 ev lees ons egter ook van soortgelyke insidente. Daar is baie ooreenkomste tussen hierdie twee beskrywings en Joh 12, maar daar is egter ook verskille. Volgens aldrie evangelies het die salwing in Betanië plaasgevind. Volgens Mattheus en Markus het die salwing in die huis van Simon die Melaatse plaasgevind, terwyl Johannes nie spesifiek noem in watter huis dit plaasgevind het nie. Beide Markus en Johannes beskryf die waarde van die olie as 300 denarius. Volgens Mattheus en Markus was die dissipels ontsteld oor die vermorsing van sulke duur olie, terwyl Johannes spesifiek noem dit was Judas Iskariot wat ontsteld was. In aldrie evangelies oordeel die Here Jesus die salwing was voorbereiding van Sy liggaam met die oog op Sy begrafnis. Waarskynlik is die grootste verskil tussen hier die drie verskillende beskrywings die volgende: Beide Mattheus en Markus noem dat die Here Jesus se kop gesalf is, alhoewel beide ook later daarna verwys dat Sy liggaam gesalf is, terwyl Johannes noem Maria het die Here Jesus se voete gesalf. My indruk is dat kommentatore dit grotendeels eens is dat die Mattheus, Markus en Johannes beskrywings na dieselfde insident verwys. Daar word op gewys dat die hoeveelheid olie waarvan gepraat word, sodanig was dat dit voldoende was vir meer as net die salwing van die Here Jesus se kop of sy voete. Moontlik is Sy hele liggaam gesalf. As Mattheus en Markus verwys na die salwing van Sy kop, verwys hulle waarskynlik na Sy salwing as Koning, terwyl as Johannes verwys na die salwing van Sy voete, verwys dit waarskynlik na die nederigheid waarmee Maria te werk gegaan het. In sy geheel gesien, is ek ook van mening hierdie drie beskrywings is van dieselfde insident. Ek gaan nou verder fokus op die Johannes beskrywing.

Lees Joh 12:4-6. Judas Iskariot het beswaar gemaak teen hierdie salwing. Hy het die salwing as 'n verkwisting van die kosbare olie beskou. Volgens hom kon die olie eerder verkoop word, en die geld dan vir die armes gegee geword het. Maar Johannes help ons as die lesers om hierdie opmerking van Judas te verstaan: Judas Iskariot het dit nie gesê omdat hy besorgd was oor die armes nie. Nee, hy was die een wat hulle geldsake hanteer het, en boonop was hy 'n dief – as die olie verkoop is, en

die geld is aan hom gegee om te bestuur, kon hy die geleentheid gebruik om homself daaruit te bevoordeel.

Lees Joh 12:7-8. Hier gee die Here Jesus vir ons Sy perspektief op Maria se optrede, en ook op Judas Iskariot se beswaar. Die Here Jesus wys daarop dat Maria se salwing in wese 'n voorbereiding is van Sy liggaam met die oog op Sy begrafnis. Ons weet na die Here Jesus se sterwe is Sy liggaam gesalf, maar dit was nie deur Maria nie – dit was deur Josef van Arimatea en ook Nikodemus. Maar hierdie salwing deur Maria was 'n daad wat vooruit gekyk het na daardie salwing na Sy dood. Let nou op die ooreenkoms tussen wat Maria hier doen en wat Kajafas vroeër gesê het: Kajafas het gewigtige dinge gesê sonder dat hy die betekenis daarvan werklik verstaan het. Maria het hier die Here Jesus gesalf, waarskynlik ook sonder dat sy besef het dat haar salwing heenwys na Sy sterwe. Natuurlik was daar ook 'n reuse verskil tussen die motivering van hulle optredes: Kajafas het kwaadwillig opgetree teenoor die Here Jesus, en was bekommerd oor sy en die Sanhedrin se gesagsposisie. Maria se optrede het uit heeltemal ander oorwegings gespruit: Vers 2 vertel hulle het die maaltyd vir Jesus voorberei – immers was hulle lief vir die Here Jesus, en immers wou hulle sekerlik hulle waardering toon vir Lasarus se opwekking uit die dood. Kan jy jou die ongevoeligheid van Judas Iskariot indink: Maria se broer is deur die Here Jesus uit die dood opgewek. Sy wil Hom verheerlik deur Hom met die kosbaarste olie te salf – en Judas redeneer dit moes eerder na die armes gegaan het! Maar God is in beheer: Beide Maria en Kajafas se optrede dien tot bevordering van die uitvoering van Sy plan, selfs al is hulle nie direk bewus daarvan nie.

Onthou ook die konteks: Laasweek het ons geleer die Here Jesus is die opstanding en die lewe. Maar om die opstanding en die lewe te kan wees, moet Hy sterf, sodat Hy kan opstaan, om sodoende die dood te oorwin. Kajafas en die Sanhedrin se optrede dra juis by tot Sy sterwe. Maria daarenteen wil haar dankbaarheid oor Lasarus se opwekking demonstreer – en dan salf sy Hom – maar juis dit diens as voorbereiding vir Sy sterwe, sodat Hy kan opstaan, sodat Hy die opstanding kan wees, sodat Hy die bron van lewe kan wees, van ewige lewe. En dit is die goeie boodskap. Dit is die evangelie. Dit is die aangename geur wat die huis vul. Dit is die aangename geur wat die doodsreuk van die graf verdryf.

Onthou ook verder wie dit is wat hier gesalf word met hierdie duur olie: dit is die Here Jesus, Hy is die Seun van God, Hy is die Priesterkoning. As dit maar net 'n mens was wat met sulke duur olie gesalf is, was daar nog 'n saak om uit te maak of dit nie dalk 'n verkwisting was nie, en of die geld nie op 'n ander manier meer verantwoordelik spandeer kon word nie. Maar die Here Jesus is nie maar net 'n mens nie. Hy is dit waardig om gesalf te word met die duurste olie wat beskikbaar is. Onthou wat Joh 5:23 sê: die Seun is dieselfde eer waardig as wat die Vader waardig is. Onthou wat die Here Jesus in Joh 17:2 bid: "Vader,...., verheerlik U Seun". Die Seun word selfs deur God die Vader verheerlik. Sekerlik is die Seun dan waardig om met kosbare olie gesalf te word. Judas Iskariot het ook hier gedemonstreer hoe min hy verstaan het van wie die Here Jesus is, en hoe waardig Hy is.

Boonop het hierdie gebeure 6 dae voor die pasga gebeur waartydens die Here Jesus gekruisig sou word en sou sterf. Die tyd wat mense soos Maria, Martha, Lasarus en die dissipels nog met die Here Jesus kon spandeer, was dus kort. Hierdie was 'n kosbare geleentheid om Hom te vereer. Daar was waarskynlik nie weer so 'n geleentheid na hierdie geleentheid nie. Ja, dit is so dat Maria waarskynlik nie geweet het dat Hy gedurende die komende week sou sterf nie, maar sy kon sekerlik uit die Sanhedrin se optrede en besluite sien hoe die donker wolke saampak – en daarom gryp sy die geleentheid aan. Natuurlik is versorging van die armes ook belangrik. Maar daar sal nog baie geleenthede wees waar sy haar oor die armes kan ontferm. Maar nog meer belangrik: die Here

Jesus is meer eer waardig as die armes. En elke geleentheid moet aangegryp word om Hom te verheerlik.

Toepassings

Laat my toe om ten slotte enkele toepassings te maak:

- Ek glo dit is duidelik: Die Here God is soewerein in beheer. Kajafas kan met totaal verkeerde motiewe en doelwitte uitsprake maak – maar sonder dat hy besef is sy uitsprake juis in lyn met die wil van God. Die besluite wat die Sanhedrin neem, lyk oënskynlik of dit die uitvoer van God se plan gaan laat struikel – maar dan bevorder dit dit juis. Maria salf die Here Jesus uit dankbaarheid en 'n begeerte om Hom te verheerlik – maar dan word hierdie daad juis 'n voorbereiding van die Here Jesus se liggaam vir Sy begrafnis. Judas Iskariot probeer skynheilig om hom te ontferm oor die armes, en dan leer ons hoeveel meer die Here Jesus waardig is om die olie te ontvang as die armes. Die punt is: Ons moet ons werklik verdiep in God se geopenbaarde plan om behoorlike onderskeidingsvermoë aan te leer, om sinvolle besluite te kan neem, en om  selfs wêreldgebeure sinvol te interpreteer.
- Onderskei jy die Here Jesus vir wie Hy werklik is? Hy is die Opperkoning. Hy is verhewe bo die Sanhedrin. Hy is verhewe bo die Romeinse keiser. Hy is selfs verhewe bo elke wêreldleier. Hy is selfs verhewe bo die Amerikaanse president, wat so dikwels in die media beskryf word as die magtigste persoon op aarde. Destyds het die Joodse leiers die Here Jesus as 'n bedreiging gesien waarvan hulle ontslae wou raak. Hulle plan het egter juis die teenoorgestelde effek gehad – toe hulle Hom doodmaak, staan Hy op en gaan sit aan God se regterhand – onaantasbaar, met alle mag en gesag. En selfs die Amerikaanse president en ook die Russiese president is pionne in Sy hand wat Hy gebruik om Sy plan uit te voer. Verstaan jy werklik Wie vandag in beheer is van alles wat in die wêreld gebeur, en wat Sy doel daarmee is?
- Maak jy jou ook skuldig aan dieselfde dinge waaraan Judas Iskariot skuldig was? Hy het hom nie bemoei met die verheerliking van die Here Jesus nie, nee, skynheilig het hy voorgegee hy was besorgd oor die armes, terwyl hy in werklikheid skelm homself wou verryk. Verstaan jy hoe belangrik dit is dat ons as mense, en veral as gelowiges, die Here Jesus, asook die Drie-Enige God, moet verheerlik, soos Maria? Ons moet dit doelbewus doen. Dink oor die volgende: As die Here Jesus ons leer bid, dan is die eerste saak waarvoor ons moet bid dat Sy Naam verheerlik moet word. Dit kom voor die bede vir die koms van Sy koninkryk. Dit kom voor die bede dat Sy wil moet geskied. Dit is die oorkoepelende doel met die skepping en die wêreldgeskiedenis. Dit is ons hoogste roeping om God te verheerlik. Daarom is die eerste gebod: Liefde tot God. Maria het die geleentheid van die maaltyd aangegryp om juis dit te doen. En sy het al die rede in die wêreld gehad om Hom te verheerlik – die Here Jesus het haar broer opgewek. Ons het ook al die rede in die wêreld om Hom te verheerlik: Hy is die opstanding en die lewe! As selfs die Vader die Seun verheerlik, en as selfs die Seun die Vader verheerlik, behoort ons nie ook die Vader en die Seun te verheerlik nie? Judas Iskariot het voorgegee hy is besorgd oor die armes. Geliefdes, kan ek dit maar reguit uitdruk: Ons moet meer besorgd wees daaroor om die Drie-Enige God te verheerlik as om die armes te versorg. Natuurlik moet ons die armes versorg. Maar daar is rangorde. Versorging van die armes mag nie afbreuk doen aan ons verheerliking van God nie.

Kom ons dink prakties hieroor: Waar verheerlik ons die Drie-Enige God. Ja, ons doen dit deur hoe ons lewe. Maar daar is tye wat ons ons spesifiek hierop moet toespits: Byvoorbeeld: In

my persoonlike aanbidding. In die eredienste. Kom ons dink oor die eredienste. Ons fokus gewoonlik op wat ons uit ‘n erediens kry. Alhoewel dit nie onbelangrik is nie, is eredienste van die beste geleenthede om die Here doelbewus te verheerlik. Doelbewuste verheerliking van God moet ons fokus wees byvoorbeeld wanneer ons saamsing. Trae, halfhartige, belangelose saamneurie of saambrom klink vir my dieselfde as Judas Iskariot wat kwansuis oor die armes bekommerd is. Dit moet die fokus wees wanneer ons bid. Gebede wat primêr gefokus is op ons behoeftes en gemak, getuig dat ons nog nie verstaan die Here God moet verheerlik word nie. Dit beteken ons verstaan nog nie hoe waardig die Here Jesus en God Drie-Enig is om met die beste en duurste olie gesalf te word nie. Dit beteken ons verstaan nog nie die erediens is vir God se eer nie. Dit beteken ons dink waarskynlik ons kan met ‘n groot barmhartigheidsbydrae ons verantwoordelikheid nakom – dit is soortgelyk aan Judas Iskariot. As jy dink jy kan Sondagaand by die huis bly en die erediens mis, sodat jy met jou werk kan voortgaan, sodat jy meer geld kan maak, sodat jy ‘n groter bydrae kan gee – is jy niks beter as Judas Iskariot nie. Die Drie-Enige God is ons doelbewuste en doelgerigte verheerliking waardig. Verdiep jou in Sy werk, en dit sal vir jou duidelik word. Verdiep jou in Sy werk, en jy sal meer as voldoende materiaal vind om Hom mee te verheerlik. En dit behoort dan sigbaar te word in jou aktiewe verheerliking van Hom.